| 29 November | NG Gemeente Kogelberg | 2024 |
|---|---|---|

# Eerste Gelui

## NUUS VANUIT DIE GEMEENTE



## SONDAG 24 NOVEMBER SE EREDIENSTE

| 09:00 | 09:00 | 09:30 |
|---|---|---|
| *Hangklipkerk* | *Kuierkerk* | *Kleinmondkerk* |
| Ds. Theuns Henn | Ds. Werner van den Heever | Ds. Jannie Hougaard |

DRAERS VAN | VERSKILMAKERS MET | AMBASSADEURS VAN
LIG | DEERNIS | HOOP
NG GEMEENTE KOGELBERG
ROOIELS|PRINGLEBAAI|HANGKLIP|BETTYSBAAI|KLEINMOND|ARABELLA







Kleinmondkerk se erediens word op ons YouTube-kanaal uitgesaai. Die skakel na ons YouTube-kanaal is: https://www.youtube.com/@NGKerkKleinmond

SnapScan

**Gebruik gerus die SnapScan-opsie om jou offergawe te gee.**

### DEUROFFERS

Die deuroffers hierdie week is dit vir ons gemeente se Gasvryheidsbediening. Op 8 Desember is dit vir die **Stranddiens.**


Kerssangdiens
Kleinmondkerk
1 Desember 2024 om 19:00
DECEMBER
1


Kuierkerk
Kersliedere by Kerslig
Sondag 15 Desember
17:30


Nuwe Intrekker
Baie welkom aan:
Adam Cornelius Meiring
van Calitzdorp (KB5)
Mag jy geseënd en gelukkig
wees in ons gemeente. Mag
jy voorwaarlik 'n geestelike
tuiste hier by ons vind.


Sondagskool
-afsluiting
Sondag
1 Des
Kuierkerk @ 09:00
Dankie dat jy deel was van ons
2024-Geloofsreis

# Program vir die week

*Neem asseblief kennis:*
*Die Gemeente-braai wat geskeduleer was vir Vrydag 6 Desember,* ***is afgestel****.*

| | | |
|---|---|---|
| **Sondag 1 Desember** | **19:00** | Kerssangdiens (Kleinmondkerk) |
| **Dinsdag 3 Desember** | **10:00** | Sc 1-4 Wyksbyeenkoms (Kuierruimte) |
| | **16:30** | Gebedsgroep (Kleinmond) |

## *Ons dink aan elkeen wat siek is en hou hul in ons gebede...*

*Gerrie Gerber (HK2), Tom Dreyer (KP2), Hennie Cilliers (Bb4), André Gresse (HK3) Hannie de Kock (KP1), Piet Louw (Sa2), Mike Moller (HK2), Wessel Coetzee (Sa4), Christa Steenkamp (KP2), George Edwards (Sc4) en Maria Human (Sa3). Ons vertrou saam met Christa Fick (PM3) vir 'n geskikte skenker van 'n nier.*

# KERKKANTOOR*ure*

*Tydens Desember 2024 & Januarie 2025*

**17 - 31 Desember 2024**

| | |
|---|---|
| Maandae - Donderdae | **10:00 - 11:00** |
| Vrydae | **GESLUIT** |
| **1 - 10 Januarie 2025** | **GESLUIT** |
| **13 Januarie 2025** | **HEROPEN** |

# Caritas

# KERSBOKS-BEDIENING

Ons wil graag hierdie jaar 'n paar lekker bederf-produkte in ons Kersbokse pak om gesinne gedurende die feestyd te seën.

Ons benodig nie-bederfbare produkte soos blikkies ingelegde vrugte, vla, koekies, of enige iets wat jy voel kan bydra tot die Kersboks. Plaas asseblief jou bydrae in die houers by enige van ons drie bedieningspunte teen Woensdag 4 Desember 2024.

Baie dankie by voorbaat vir jou ondersteuning!
Vir enige navrae kontak Belinda - 082 856 6772

## 2DE Kersdag

***Ekstra bord kos op 26 Desember***

**Kom ons deel die vreugde van Kersfees met diegene wat nie dieselfde oorvloed as ons het nie. Ervaar die vreugde van gee deur eers die ekstra bord in te skep en dan wat oor is, self te geniet!**

- **Koop houers vir 'n bord kos en 'n bakkie nagereg teen R10 (vanaf 1 Desember beskikbaar by die Kerkkantoor/ Hangklipkerk).**
- **Skep op Kersdag die bord kos en nagereg in en kom lewer dit af op 26 Desember.**
- **Kleinmond - tussen 11:30 en 12:00.by die Gemeenskapsentrum in Proteadorp.**
- **Hangklip-streek - tussen 09:00 en 11:00 by die Lakeside Chapel afgee.**



# Hangklip-mannenitreik

## sluit 'n geseënde jaar af

Altesame negentien lede van die Hangklip-mansuitreikgroep het hul jaar gister, Donderdag 28 November, afgesluit in die hartjie van Bettysbaai by die splinternuwe koffiekuierplek, BB Café.

Dié unieke onderneming is deur twee lidmate van ons gemeente, Esther en Ella Niemand, met hulp van familielede aangepak. Tussen vars blomme en ou versamelstukke kan daar in 'n verskeidenheid van vertrekke iets geniet word. As jy van die meubels, kunswerke en ander kosbaarhede hou, kan jy dit ook koop.

Die manne het vanaf 08:00 met 'n lekker koppie koffie, cappuccino, latte of tee na elkeen se keuse rondom 'n lang tafel begin kuier. Vir oulaas dié jaar is twee lofprysingsliedere met kitaarbegeleiding deur Sedrick Taljaard gesing en 'n gebed gedoen om dankie te sê vir die Here se seën op dié groep in 2024.

Die ontbyt is afgeskop met 'n kelkie gevul met vrugte, jogurt en muesli, gevolg deur 'n keuse tussen gevulde roosterbrood of 'n wrap en 'n vrugtesap.

Fanie Krige het Spreuke 27:17 ("Soos yster yster slyp, so slyp die een mens die persoon van 'n ander") gebruik om die waarde en rol van die manne-uitreikgroep te beskryf. In sy openingsgebed het hy die Here bedank vir die vriendskap, ondersteuning en geestelike groei wat die groep ervaar wanneer hul vroeg Donderdagoggende in die kerk byeenkom en gevra vir die voortsetting van die groep se geloofsreis deur die Here se genade.

Hy het ook vir die Here seën gevra op BB Café en die mense wat daar werk, dat dit 'n ruimte sal wees van gasvryheid en vreugde, waar mense God se liefde kan ervaar.



# GEMEENSKAPSnuus

## Beleef Handel se Messiah in ‘n kerkruimte

‘n Unieke weergawe van Handel se oratorium Messiah word Saterdag, 30 November, om 15:30 in die NG Kerk Hermanus deur die Kaapstadse Barokorkes (CTBO), onder leiding van Erik Dippenaar, en die Lutesong Consort-sangers uitgevoer.

In 'n getroue barokstyl gaan die orkes op periode-instrumente speel, wat garingstring-instrumente, ‘n kamerorrel, klavesimbel, theorbo, barokhobo, baroktrompet en kalfvel-baroktimpani insluit.

Verskeie minder bekende weergawes van arias en koorstukke sal gehoor word, met die drie sopraan-soloiste as vertellers.

Lynelle Kenned, Elsabé Richter en Louise Howlett is die soprane en die Oostenrykse trompetspeler Raphael Pouget en die Duitse barokoboïspeler Ingo Müller is deel van die orkes.

Kaartjies is aanlyn beskikbaar by Quicket, vanaf R100 per kaartjie, wat 'n gratis glas wyn insluit.





# HANDEL'S MESSIAH

**presented by the**
**CAPE TOWN BAROQUE ORCHESTRA**

**in association with**
**LUTESONG CONSORT**

**directed by**
**ERIK DIPPENAAR**

**in collaboration with**
**OVERSTRAND ARTS/KUNSTE (OAK)**

CTB

LuteSong

**30 NOV**

**Saturday 15:30 - 17:00**
**Dutch Reformed Church**
**Church Street, Hermanus**

**Tickets R220**

***Seats are limited***

O·A·K
overstrand arts • kunste
OVERSTRANDARTS.CO.ZA

## RESERVE YOUR TICKETS NOW!

**Quicket**
EXPERIENCE AWESOME

**www.quicket.co.za/events/286689-handels-messiah-hermanus**

# GEMEENSKAPSnuus

## 'n Sendeling se reis van Bettybaai na Papoea, Indonesië

Dylan van Rensburg en sy gesin is al byna twaalf jaar op 'n eiland in Indonesië besig met sendingwerk onder een van die mees geïsoleerde bevolingsgroepe in die wêreld. Dit is 'n veeleisende taak, maar hulle kom gereeld Bettysbaai toe om batterye te herlaai, want dit is hier waar Dylan sy vormingsjare op die strande en met 'n skaatsplank in die jare 90 deurgebring het.

Hierdie keer is daar 'n tikkie hartseer, want hul oudste dogter het onlangs 18 geword en gaan op die volgende been van hul vakansiereis in die VSA agterbly vir verdere studie. Die nessie op die eiland Papoea word leër...

Kort nadat Dylan aan die Hoërskool Hottentots-Holland in Strand gematrikuleer het, het hy in 2001 saam met sy ouers na Milwaukee, Wisconsin verhuis. Dit was daar waar hy sy vrou, Angie, ontmoet het, en die egpaar is as sendelinge by die Ethnos360 Bible Institute Wisconsin, en by die Ethnos360 Missionary Training School in Missouri opgelei.

Min het hulle geweet dat 'n belangrike missie op hulle wag: Kerkplanting onder en Bybelvertaling vir die Dem-stam in Papoea, Indonesië. Daarmee saam ook die grootmaak van vier kinders, Raquel, Gideon, Roman en Grace.
Raquel berei nou voor om na hul vakansie dieselfde Bybelkollege as haar ouers by te woon, met ondersteuning van Angie se familie in Wisconsin.

Dylan en Angie werk vir Ethnos360 (voorheen New Tribes Mission), en put inspirasie uit Matteus 4:16: "Die volk wat in duisternis woon, het 'n groot lig gesien; vir hulle wat in die gebied en die skadu van die dood leef, het 'n lig opgegaan."

lees gerus verder...

## Huidige missie

In 2013 het die Van Rensburg-gesin hulle onder die Dem gaan vestig, 'n gemeenskap sonder regeringsteenwoordigheid, elektrisiteit of paaie - slegs toeganklik met 'n klein vliegtuig. Die Dem, beoefenaars van animisme, het die sendelinge genooi om die woord van 'n magtige God na hulle te bring en in hul taal te vertaal.

Aanvanklik, terwyl hulle 'n huis in die dorp gebou het, het Dylan en Angie hulself daaraan gewy om die Dem se taal en kultuur aan te leer. Na vier jaar het hulle 'n alfabet vir die Dem ontwikkel en met 'n geletterdheidsprogram begin om die mense te leer lees en skryf.Daarbenewens het hulle sleutelskrifte vertaal en 75 lesse vir Bybelstudie ontwikkel.

In Januarie 2021 kon Dylan en Angie met ‘n drie en ‘n halwe maand lange uitreikveldtog onder die Dem loods. Daagliks is meer as 500 deelnemers getrek. Teen April 2021 is die Dem-kerk gestig, met baie plaaslike inwoners wat getuienisse van hul nuutgevonde geloof deel..
Die Van Rensburgs gaan steeds voort met hul Bybelvertalingsprojek en fokus tans op Efesiërs, terwyl hulle die nuwe kerk onderrig. "Dit is 'n voorreg om te sien hoe die Dem hul ou weë laat vaar en op die almagtige God vertrou," sê Dylan.



### Gebedsversoeke en ondersteuning

Die Van Rensburg-gesin vra gebede vir die Dem om in hul geloof te groei en vir volgehoue sukses in hul onderrig- en vertaalpogings sonder struikelblokke. Hulle is tans op 80% van hul aanbevole ondersteuningsvlak. Diegene wat belangstel om met hulle saam te werk, kan Dylan per e-pos kontak by dylan_vanrensburg@ntm.org.
Om hul bediening te ondersteun, kan skenkings gemaak word by: ethnos360.org/missionaries/dylan-and-angela-van-rensburg.

# Verjaarsdae

## 30 November

*Amy Bredenkamp 083 270 7102 (Ba1)*

*Hettie de Bruin 082 321 1003 (Bb 2)*

*Annemarie Els 082 576 1423 (Sa1)*

*Thys Kemp 072 373 5276 (Sb2)*

*Joos Kirstein 083 660 1370 (KB2)*

## 1 Desember

*Kallie de Kock 082 556 2352 (KP1)*
*Francois Hugo (Bb 3)*
*Tronell Jordaan 082 566 4368 (Sc2)*
*Sandra Taljaard 082 889 8018 (BB3)*
*Des Vincent 078 682 2242 (BB4)*

## 2 Desember

*Leonor Gerrits 082 828 3435 (Sa3)*
*Lorraine Pauw 076 456 0100 (Sc3)*
*Estelle Victor 082 901 7422 (Sa2)*

## 3 Desember

Marlene Basson 072 477 6109 (Sb4)
Willie Botha 082 460 8024 (Ba3)
Marie Burger 082 416 9815 (Sa1)
Jacoline Cardoso 082 829 5875 (Ba3)
Philda Heidmann(Sb1)
Nicoleze Jansen van Rensburg 083 230 6312 (Sa2)
Deon Joubert (Sc3)
Mario Tait 084 515 0688 (Sa3)
Estra van Veen 074 920 3239 (Sa2)

## 4 Desember

Adam Mantell (PB1)
Lliam Mantell (PB1)

## 5 Desember

Pierre Fouché 071 675 5549 (PB2b)
Verna Hayes 079 284 1222 (Ba2)
Marlene Oosthuizen 072 212 0055 (BB5)
Johan Toerien 071 271 3544 (Bb 2)
JC Van der Merwe 082 561 7709 (KP2)
Charlie van Heerden 082 575 8770 (KB2)
Helen Visser 082 755 5298 (KB1)

# Veels Geluk!

## 6 Desember

Marguerite Botha 072 638 8796 (KP1)
Annamie Carstens 082 552 1249 (Sc4)
Leon Matthys 082 669 4439 (PM4)
Tanya Nieuwoudt (Sa1)
Mariëtta Pienaar 083 399 0465 (KB3)
Janica van Niekerk (KB2)

DRAERS VAN | VERSKILMAKERS MET | AMBASSADEURS VAN
LIG | DEERNIS | HOOP
NG GEMEENTE KOGELBERG
ROOIELS | PRINGLEBAAI | HANGKLIP | BETTYSBAAI | KLEINMOND | ARABELLA

# LEESROOSTER VIR LIDMATE - KERKJAAR 2024-2025

Reeks & Temas

Lees die bepaalde tekste in die week vooraf onder leiding van die Gees deur RCL-tekste in **BOLD** en ons fokustekste in ROOI

| Datum | Reeks | Tema | Tekste |
|---|---|---|---|
| **DESEMBER 2024** | | | |
| 1 Desember | Adventstyd 2024 | Kyk vir die vyeboom | **Psalm 25:1-10**; Jer 33:14-16; 1 Thess 3:9-13; Lukas 21:35-36 |
| 8 Desember | Die lewe tussen-in | Keer om en volg | **Lukas 1:68-79**; Mal 3:1-4; Fil 1:3-11; Lukas 3:1-6 |
| 15 Desember | | Wat moet ons nou doen? | **Jesaja 12:2-6**; Sef 3:14-20; Fil 4:4-7; Lukas 3:7-18 |
| 22 Desember | | Kan hulle ons hoor sing? | **Hebreërs 10:5-10**; Miga 5:2-5a; Ps 80:1-7; Lukas 1:39-55 |
| 25 Desember | | Redding van alle kante af | **Titus 3:4-7**; Jes 62:6-12; Ps 97; Lukas 2:1-20 |
| 29 Desember | | Die klanke van stilte | **Lukas 2:39-52**; 1 Sam 2:18-20, 26; Ps 148; Kol 3:12-17 |
| **JANUARIE 2024** | | | |
| 5 Januarie | Epifanie | Buitestaanders word deel van die binnekring | **Jesaja 60:1-6**, Ps 72:1-7, 10-14; Ef 3:1-12; Matt 2:1-12 |
| 12 Januarie | Helder lig | Gered om die hele wêreld te dien | **Handelinge 8:14-17**, Jes 43:1-7; Ps 29; Luk 3:15-17,21-22 |
| 19 Januaire | | Die heerlikheid van nuwe wyn | **Johannes 2:1-11**, Jes 62:1-5; Ps 36:5-10; 1 Kor 12:1-11 |
| 26 Januarie | | 'n Sending om jou pad te volg | **Lukas 4:14-21**, Neh 8:1-3, 5-6, 8-10; Ps 19; 1 Kor 12:12-31a |
| **FEBRUARIE 2025** | | | |
| 2 Februarie | | Verblind vir dorpskind | **Lukas 4:21-30**, Jer 1:4-10; Ps 71:1-6; 1 Kor 13:1-13 |
| 9 Februarie | | Geroep en gestuur | **Jesaja 6:1-8, (9-13)**, Ps 138; 1 Kor 15:1-11; Luk 5:1-11 |
| 16 Februarie | | Volheid en leegheid | **Jeremia 17:5-10**, Ps 1; 1 Kor 15:12-20; Luk 6:17-26 |
| 23 Februarie | | Eindelose liefde | **Psalm 37:1-11**, 39-40, Gen 45:3-11, 15; 1 Kor 15:35-50; Luk 6:27-38 |
| **MAART 2025** | | | |
| 2 Maart | | Luister na Hom | **Eksodus 34:29-35**, Ps 99; 2 Kor 3:12-4:2; Luk 9:28-36, (37-43a) |
| 9 Maart | Lydenstyd | God beweeg... in die woestyn | **Deut 26:1-11**, Ps 91:1-2, 9-16; Rom 10:8b-13; Luk 4:1-13 |
| 16 Maart | God beweeg | God beweeg... verby struikelblokke | **Gen 15:1-12, 17-18**, Ps 27; Fil 3:17-4:1; Luk 13:31-35 of 9:28-36 |
| 23 Maart | | God beweeg... oor heinings | **1 Korintiërs 10:1-13**, Jes 55:1-9; Ps 63:1-8; Luk 13:1-9 |
| 30 Maart | | God beweeg... in die pad af | **Psalm 32**, Jos 5:9-12; 2 Kor 5:16-21; Luk 15:1-3, 11b-32 |
| **APRIL 2025** | | | |
| 6 April | | God beweeg... ons tot leegmaak | **Psalm 126**, Jes 43:16-21; Fil 3:4b-14; Joh 12:1-8 |
| 13 April | | God beweeg... ons tot hosannas | **Fil 2:5-11**, Jes 50:4-9a; Ps 31:9-16; Luk 22:14-23:56, Luk 19:28-40 |
| 18 April | | God beweeg... kruis toe | **Joh 18:1-19:42**, Jes 52:13-53:12; Ps 22; Heb 10:16-25, Luk 23:1-49 |
| 20 April | | God beweeg... uit die graf uit | **Jesaja 65:17-25**, Ps 118:1-2, 14-24; Hand 10:34-43; Luk 24:1-12 |
| 27 Aprili | Verras deur God | 'n Verrassende ommekeer | **Joh 20:19-31**, Ps 118:14-29 (of Ps 150); Hand 5:27-32; Op 1:4-8 |
| **MEI 2025** | | | |
| 4 Mei | | 'n Onverwagse vrienskap | **Johannes 21:1-19**, Hand 9:1-6, (7-20); Ps 30; Op 5:11-14 |
| 11 Mei | | 'n Verstommende nabootsing | **Johannes 10:22-30**, Hand 9:36-43; Ps 23; Op 7:9-17 |
| 18 Mei | Verras deur God | 'n Onverwagse verandering van spyskaart | **Johannes 13:31-35**, Hand 11:1-18; Ps 148; Op 21:1-6 |
| 25 Mei | | 'n Ongelooflike ompad | **Johannes 14:23-29**, Hand 16:9-15; Ps 67; Op 21:10, 22-22:5 |
| 29 Mei | | 'n Asemrowende tuiskoms | **Handelinge 1:1-11**, Ef 1:15-23; Ps 47 (of Ps 93); Luk 24:44-53 |
| **JUNIE 2025** | | | |
| 1 Junie | | 'n Ironiese ontsnapping | **Joh 17:20-26**, Hand 16:16-34; Ps 97; Op 22:12-14,16-17, 20-21 |
| 8 Junie | | Die groot verrassingspartytjie | **Joh 14:8-27)**, Hand 2:1-21; Ps 104:24-34, 35b; Rom 8:14-17 |
| 15 Junie | God is betrokke | Driemaal omvattende betrokkenheid | **Spreuke 8:1-4, 22-31**, Ps 8; Rom 5:1-5; Joh 16:12-15 |
| 22 Junie | | Niemand bestand teen Sy betrokkenheid nie | **Lukas 8:26-39**, 1 Kon 19:1-4, (5-7), 8-15a; Ps 42 & 43; Gal 3:23-29 |
| 29 Junie | | God is selfs betrokke by ons onbetrokkenheid | Lukas 9:51-62, 2 Kon 2:1-2, 6-14; Ps 77:1-2, 11-20; Gal 5:1, 13-25 |
| **JULIE 2025** | | | |
| 6 Julie | | Ons is verteenwoordigers van Sy betrokkenheid | **Lukas 10:1-11, 16-20**, 2 Kon 5:1-14; Ps 30; Gal 6:(1-6), 7- |
| 13 Julie | Aksie is nodig | Onvoorwaardelike liefde in aksie | **Kolossense 1:1-14**, Amos 7:7-17; Ps 82; Luk 10:25-37 |
| 20 Julie | | Balans nodig - stop en luister | **Kolossense 1:15-28**, Amos 8:1-12; Ps 52; Luk 10:38-42 |
| 27 Julie | | Gebed maak ons betrokke | **Kolossense 2:6-15, (16-19)**, Hos 1:2-10; Ps 85; Luk 11:1-13 |
| **AUGUSTUS 2025** | | | |
| 3 Augustus | | Egte betrokkenheid? Kyk verder as jouself | **Kolossense 3:1-11**, Hos 11:1-11; Ps 107:1-9, 43; Luk 12:13-21 |
| 10 Augustus | Pilare van geloof | Hoe geloof werk | **Jesaja 1:1, 10-20**, Ps 50:1-8, 22-23; Heb 11:1-3, 8-16 |
| 17 Augustus | | Die oë van geloof | **Jesaja 5:1-7**, Ps 80:1-2, 8-19; Heb 11:29-12:2; Luk 12:49-56 |
| 24 Augustus | | Geloof maak jou passievol | **Jesaja 58:9b-14**, Ps 103:1-8; Heb 12:18-29; Luk 13:10-17 |
| 31 Augustus | | Geloof is prakties | **Spreuke 25:6-7**, Ps 112; Heb 13:1-8, 15-16; Luk 14:1, 7-14 |
| **SEPTEMBER 2025** | | | |
| 7 September | Wat dissipels doen... | Dissipels neem geloof ernstig op | **Psalm 1**, Deut 30:15-20; Filemon 1-21; Luk 14:25-33 |
| 14 September | | Dissipels soek mense vir Christus en die kerk | **Psalm 51:1-10**, Eks 32:7-14; 1 Tim 1:12-17; Luk 15:1-10 |
| 21 September | | Dissipels weerstaan gierigheid | **Psalm 113**, Amos 8:4-7; 1 Tim 2:1-7; Luk 16:1-13 |
| 28 September | | Dissipels is nie niksdoeners nie | **Psalm 146**, Amos 6:1a, 4-7; 1 Tim 6:6-19; Luk 16:19-31 |
| **OKTOBER 2025** | | | |
| 5 Oktober | | Dissipels doen wat hulle verplig is om te doen | **2 Timoteus 1:1-14**, Klaagl 1:1-6 & 3:19-26; (of Ps 137); Luk 17:5-10 |
| 12 Oktober | | Dissipels beoefen dankbaarheid | **2 Timoteus 2:8-15**, Jer 29:1, 4-7; Ps 66:1-12; Luk 17:11-19 |
| 19 Oktober | | Dissipels gee nooit op nie | **2 Timoteus 3:14-4:5**, Jer 31:27-34; Ps 119:97- 104; Luk 18:1-8 |
| 26 Oktober | | Dissipels is nederig | **2 Timoteus 4:6-8, 16-18**, Joël 2:23-32; Ps 65; Luk 18:9-14 |
| **NOVEMBER 2025** | | | |
| 2 November | | Dissipels word deur Jesus beheer | **Jesaja 1:10-18**, Ps 32:1-7; 2 Thess 1:1-4, 11-12; Luk 19:1-10 |
| 9 November | | Dissipels en hulle komma-lewe | **Job 19:23- 27a**, Ps 17:1-9; 2 Thess 2:1-5, 13-17; Luk 20:27-38 |
| 16 November | | Dissipels hoop al is dit taai | **Maleagi 4:1-2a**, Ps 98; 2 Thess 3:6-13; Luk 21:5-19 |
| 23 November | | Dissipels bely dat Jesus die Rots is | **Lukas 23:33-43**, Jer 23:1-6; Luk 1:68-79 (of Ps 46); Kol 1:11-20 |
| 30 November | | Advent 1 | Tekste sal beskikbaar wees teen middel November van 2025 |

GESKENK 1

# SIEN UIT NA HOOP

ADVENT WEEK 1

**Lees: Jeremia 33:14-16, Psalm 25:1-5**

Kersfees is 'n tyd van uitsien. Ons sien uit na baie dinge, maar veral die geskenke wat ons gaan kry. Tog weet ons dat baie mense swaarkry en hartseer voel. In die tyd van die Ou Testament het dit soms ook baie sleg met God se kinders gegaan. Hulle was moedeloos en sonder hoop. God het toe vir hulle 'n boodskap van hoop gestuur - Jesus, die Redder, gaan kom! Hierdie belofte het vir almal hoop gegee, want hulle het geweet waarna hulle kan uitsien.

**Gesels:**

- Waarna sien jy uit vir Kersfees?
- Wat gebeur met iemand wat lank moet uitsien vir iets?
- Watter beloftes in die Bybel ken jy wat jou hoop gee?
- Wie kan jy aan dink wat swaarkry of hartseer voel?



**Bid:** Bid saam vir mense en lande wat God se geskenk van hoop nodig het.

**Doen:** Maak vandag 'n **Adventskalender** of Adventskrans met kerse wat julle sal laat uitsien na Kersfees. Volg die **skakel** vir idees: www.dinkjeug.co.za/adventpakkie-2024/

**Luister:** Laai vandag die **DinkJeug Familie App** af en luister elke dag saam na die kort boodskap en 'n saamdoen wenk vir oud en jonk. Dit is gratis op Google Play of Apple iStore beskikbaar.

DINK JEUG